Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

## NOVEMBER 2020

# EKONOMIE V1 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.
5. Laat 2−3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.
7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Goedere wat om hulle eie onthalwe gebruik word, want dit bevredig direk ons behoeftes.

A Dienste
B Verbruiksgoedere
C Kapitaalgoedere
D Intermediêre goedere

1.1.2 Die ontginning van grondstowwe uit die natuur.

A Primêre sektor
B Sekondêre sektor
C Tersiêre sektor
D Buitelandse sektor

1.1.3 Waar elke werker slegs ŉ klein gedeelte van die produksie-aktiwiteit verrig, word dit … genoem.

A arbeidsverdeling
B uitkontraktering
C geskoolde arbeid
D spesialisasie

1.1.4 Die persentasie toename of afname in terme van die werklike bedrag, nadat inflasie ingesluit is.

A Gewone syfers
B Nominale syfers
C Reële syfers
D Aangepaste syfers

1.1.5 Mense het nie ŉ keuse gehad oor watter voedsel om te verbruik nie; hulle moes eet wat hulle ook al kon vind.

A Tradisionele stelsel
B Manoralisme
C Feodalisme
D Merkantilisme

1.1.6 ŉ Persoon in die ekonomies-aktiewe ouderdomsgroep wat gewillig is om te werk en werk soek, maar nie werk kan kry nie.

A Indiensname
B Onder-indiensname
C Volle werkverskaffing
D Werkloos

1.1.7 Die surplus van mense wat die land binnekom, word … genoem.

A netto emigrasie
B netto immigrasie
C vrywillige migrasie
D nie-vrywillige migrasie

1.1.8 Maatreëls wat druk toepas op ŉ nasie om weg te doen met onaanvaarbare beleide.

A Handelsembargo
B Tariewe
C Sanksies
D Kwotas (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die vraagnommers (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ekonomiese probleem | A | sistematiese benadering om gewone patrone te ontbloot, deur na werklike gebeure in die verlede te kyk |
| 1.2.2 | Monetaristiese benadering | B | wanneer mense van plek tot plek beweeg vir voedsel, water en weiding |
| 1.2.3 | Wetenskaplike metode | C | vryemarkekonomie is inherent onstabiel |
| 1.2.4 | Sakesiklus | D | mense het onbeperkte behoeftes, maar slegs skaars hulpbronne is beskikbaar |
| 1.2.5 | Nomadies | E | die verskil tussen geldwaarde van invoere en uitvoere |
| 1.2.6 | Handelsbalans | F | vryemarkekonomie is inherent stabiel |
| 1.2.7 | Ekonomiese beleid | G | die herhalende en fluktuerende vlakke van ekonomiese aktiwiteit oor ŉ lang periode van tyd |
| 1.2.8 | Khoisan | H | eerste inheemse mense in Suid-Afrika |
| | | I | regeringsoptrede om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed |

(8 x 1) (8)

1.3 Identifiseer die konsep wat in elk van die volgende stellings beskryf word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 ŉ Studie oor hoe individue, besighede en ander organisasies keuses maak oor hoe om goedere en dienste te produseer met skaars hulpbronne

1.3.2 ŉ Stelling wat ŉ subjektiewe waardeoordeel behels

1.3.3 Die beweging van goedere en dienste en produksiefaktore is onder meer deelnemers aan die ekonomie

1.3.4 Die wêreldwye integrasie van markte en produksie

1.3.5 ŉ Organisasie van werkers wat saamspan om gemeenskaplike doelwitte te bereik, soos beter diensvoorwaardes

1.3.6 ŉ Ekonomiese markstelsel waar alle besluitneming oor produksie en verbruik deur individuele persone gemaak word (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE vertakkings van ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom gebruik ekonome wiskundige finansies? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW) | 2019 (miljoene rande) |
|---|---|
| Primêre sektor | 456 939 |
| Sekondêre sektor | 106 067 |
| Tersiêre sektor | 350 882 |
| **BTW TEEN BASIESE PRYSE** | **VRAAG 2.2.5** |
| Belasting op produkte | 575 |
| Subsidie op produkte | 150 |
| **BBP TEEN MARKPRYSE** | **914 313** |

2.2.1 Identifiseer die metode wat in bostaande tabel gebruik is. (1)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte. (1)


2.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *Bruto Binnelandse Produk (BBP).* (2)

2.2.4 Hoekom word subsidies afgetrek wanneer die BBP bereken word? (2)

2.2.5 Bereken die Bruto Toegevoegde Waarde teen basiese pryse. Toon ALLE berekeninge. (4)

Kopiereg voorbehou 

2.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Jou dag bestaan uit miljoene keuses; jou keuse wanneer om te studeer, of wanneer om TV te kyk. Die probleem is dat jy 'n hulpbron slegs vir een doel kan aanwend.

2.3.1 Watter ekonomiese probleem word in bostaande prent aangedui? (1)

2.3.2 Identifiseer die rasionele keuse uit bostaande prent. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *keuse.* (2)

2.3.4 Hoe verseker jy dat jy 'n goeie keuse maak? (2)

2.3.5 Hoekom móét mense 'n keuse maak? (4)

2.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen *ekonomiese* en *vrye goedere.* (8)

2.5 Hoekom is die gebruik van modelle nodig in ekonomie? (8)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 


## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE maniere wat die Gildes gebruik het om surplusse te produseer vir handelsdoeleindes. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter rol het die ontwikkeling van dorpe en stede gespeel in die vroeë ekonomiese ontwikkeling? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Watter soort handel word in die bostaande spotprent voorgestel? (1)

3.2.2 Hoe het mense hierdie soort handel aangewend? (1)

3.2.3 Verduidelik die inmenging van die regering in handel. (2)

3.2.4 Wat het die ekonomie daartoe gelei om geld te gebruik? (2)

3.2.5 Hoekom behoort die nasie aangemoedig te word om te spaar? (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERSTEDELIKING**

Suid-Afrika verstedelik vinnig waar 63% Suid-Afrikaners reeds in stedelike gebiede woon en die statistiek sal tot 71% teen 2030 toeneem. Teen 2015, sal 8 uit 10 mense in stedelike gebiede woon en dit sal die vraag na basiese infrastruktuurvereistes laat toeneem. Die uitdagings van verstedeliking is heelwat.

[Aangepas uit http//pmg.org.za]

3.3.1 Noem EEN rede vir die styging van Suid-Afrikaners in stedelike gebiede. (1)

3.3.2 Watter persentasie Suid-Afrikaners woon nie in stedelike gebiede nie? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die begrip *verstedeliking*. (2)

3.3.4 Wat is waarskynlik die uitdagings van verstedeliking? (2)

3.3.5 Hoe doeltreffend is die gebruik van tegnologie in die ekonomie? (4)

3.4 Verduidelik kortliks die evolusie van beperkte aanspreeklike maatskappye. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe is inheemse mense negatief deur kolonialisme en imperialisme beïnvloed? (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE maniere waarop die San-mense geleef het. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom word ekonomie as ŉ sosiale wetenskap beskou? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Noem enige EEN beroepskeuse wanneer jy Ekonomie neem. (1)

4.2.2 Watter wetenskap kan met Ekonomie gekombineer word? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *loopbaan*. (2)

4.2.4 Wat sou die effek daarvan wees om nie ŉ loopbaan te hê nie? (2)

4.2.4 Hoekom behoort mense hulle belangstellings en vaardighede te oorweeg wanneer hulle ŉ loopbaan kies? (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE INNOVASIE-SPILPUNT**

Suid-Afrika het die mees hoogsontwikkelde telekommunikasienetwerk in Afrika. Dit is 99% digitaal en sluit koordlose en satellietkommunikasie in. Suid-Afrika is ook in 'n uitstekende posisie om sy IKT-produkte en dienste uit te voer na die mark in die res van Afrika, waar die vraag daarna vinnig groei soos wat ekonomiese toestande verbeter.

[Aangepas en vertaal uit *Fast Track Economics*]

4.3.1 Noem enige EEN kommunikasiestelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)

4.3.2 Wat is die hoofdoel van die Innovasie-spilpunt? (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die begrip *kommunikasie.* (2)

4.3.4 Verduidelik waarom 'n kommunikasiestelsel belangrik is in die ekonomie. (2)

4.3.5 Watter uitwerking sal mobiele en koordlose kommunikasie op ons lewens hê? (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (4 x 2) (8)

4.5 Evalueer die negatiewe uitwerking van produksie op die omgewing. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie beginpunt sal wees om ʼn begrip te definieer wat in die vraag verskyn.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat in die inhoud bespreek gaan word. | **Maks. 2** |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking / Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer.<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | **Maks. 26**<br><br>**Maks. 10** |
| **Slot**<br>• Die slot is ʼn kort opsomming van die bespreking van die onderwerp in die inhoud en moet beskou word as ʼn hoërorde antwoord.<br>• Die slot kan in die vorm van ʼn eie opinie wees, voorbeelde om jou bespreking te staaf of ʼn teenoorgestelde sienswyse van dit wat bespreek is.<br>• Geen aspek uit die inleiding of die inhoud mag weer in die slot voorkom nie. | **Maks. 2** |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die ekonomiese aanwysers wat in vooruitskatting gebruik word. (26 punte)

- Hoekom sal ʼn resessie ekonomies-kwesbare mense negatief beïnvloed? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die VYF fases van die demografiese siklus. (Maksimum van 6 punte per fase) (26 punte)

- Watter impak sal die verspreiding van COVID-19 op die arbeidsmag van ʼn land hê volgens jou opinie? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou